# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie

November 2012
Volume 12





Die volgende *GrietGriet* verskyn in Maart 2013.
*GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer to receive an English copy.*





As jy die feesdinee misgeloop het, maak seker jy mis nie ook uit op die feesblad nie - 'n MOET vir elke Magrietjie! Die 80-bladsy feesblad bevat 'n goeie balans van oud en nuut, asook 'n spesiale bladsy vir elke jaargroep - vanaf 1982 tot 2012. Stuur 'n e-pos na magrietjie@up.ac.za as jy graag 'n feesblad wil koop teen R80 per feesblad.




## ONS SLUIT FEESJAAR IN STYL AF!













Die feesdinee is beslis een van my top 5 herinneringe van Magrietjie, en ek is seker elke Magrietjie en oud-Magrietjie wat saam feesgevier het, sal met my saamstem! Met aankoms by die Pretoria stadsaal, het elke paartjie oor die rooi tapyt gestap tussendeur pienk beligte pilare, gevolg deur 'n glasie pienk vonkelwyn. Die sprokies-atmosfeer in die saal is geskep met beligte kristalbome op elke tafel. Elke Magrietjie het 'n feesblad as geskenk gekry wat al die goeie herinneringe by die almal wakker gemaak het. Met 'n gees van afwagting, het die Primaria van 2012, Esbé van Zyl, die gaste verwelkom. Spesiale boodskappe is gelewer deur Tukkies se Vise-Kanselier en Rektor, Prof Cheryl de la Rey asook die Direkteur: Koshuisaangeleenthede en Akkommodasie, Prof Roelf Visser. Na 'n smaaklike 3-gangmaal is 'n video getitel "A trip down Magrietjie-lane" gewys. Daarna het elke Magrietjie (oud en jonk op die dansvloer bymekaar gekom om die huislied te sing. Nog 'n hoogtepunt was toe die Huiskomitee in egte "*Pride and Prejudice*" styl die dansvloer geopen het, waarna daar tot in die oggendure gedans en kuier is. Sien fotos op die volgende bladsy.

Ons was bevoorreg om as eregaste Magrietjie se heel eerste Primaria, Zelda de Kock (née Stone) en onder-Primaria, Fearika Heyns (née Botha) te kon ontvang. Onder die teenwoordige oud-Primarias was ook Helena Strijdom, Adele van der Walt, Eliz-Mari Vermeulen (née Prinsloo) en Poenie van den Berg (née Leen) - laasgenoemde al die pad van Namibië. Ons is dankbaar vir elke huidige en oud-Magrietjie wat die aand saam met ons geniet het, en so deel gehad het in hierdie spesiale geleentheid wat met baie harde spanwerk en groot genade, 'n sukses was! Ons bedank graag vir Sunette Botha, die Feesjaar HK, vir al haar opofferinge, harde werk en gebede wat seker gemaak het dat ons die aand ewig sal onthou!

Ons deel 'n uittreksel van Zelda de Kock (née Stone) se terugvoer na die feesdinee:

*"Liewe pienk Magrietjies, Baie dankie vir 'n heerlike, feestelike aand saam met julle! Julle het ons behoorlik op die hande gedra - van ons VIP parkering tot ons eie persoonlike kelnerin! Ons het ons verkyk en verluister aan hoe mooi, energiek en talentvol julle is! Die pienk M op die kampus staan in alle opsigte uit! Magrietjie is mooi, magic en magnificent! Veels geluk met 30mmm ... jare! Ek is baie trots op julle en dink met heimweë terug aan ons 1ste trippel-M Magrietjie jaar! Magrietjie sal altyd 'n spesiale plek in my hart hê. Nogmaals veels geluk! Mag julle nog baie wonderlike (verjaars)dae vier! Ek kyk uit vir die groot, pienk M!*


15/09/2012
Magrietjie
Mag
UITGANG

## SERENADE

Magrietjie se serenade-dames het hierdie jaar weereens nie teruggehou nie en nog 'n keer deurgedring na die finaal. Ons nagtegale het die tema "Burlesque" tot volle uitvoering gebring en menige toeskouer se knieë lam gemaak met hul ongelooflike vertoning! Ons is voorwaar trots!



## POT-EN-PONS

Saterdag, 20 Oktober 2012 was 'n onvergeetlike dag om ons nuutgevonde joolverbintenis af te skop. Volgens die nuwe rotasiestelsel, was Vividus-mans weer ons joolvennote vir 2013! Saam het ons as "Vivi-la-Grietjie" ons Pot-en-Pons stalletjie versier as "Angry Birds" – gebaseer op 'n gewilde hedendaagse rekenaar-speletjie. Van 'n behoorlike voëlnes vir die beoordeelaars, tot 'n enorme stallasie waar 'varkies' met 'n kettie geskiet word, het ons die tema so geloofwaardig moontlik uitgebeeld. Nie eens Pretoria se hewigste reënbui kon ons keer om 'n welverdiende 3de plek te behaal nie!! Vividus was so beïndruk dat hul die oggend na pot-en-pons verder kom zoep het deur "V ♥ M" met blomme op ons grasperk kom uitpak het. Hierdie gebaar, tesame met 'n spesiale serenade, kan ons nie anders as om uit te sien na volgende jaar se suksesvolle jool nie!








## MAGS-MADS KARNAVAL-DAG




Die Karnaval-dag was 'n eerste, maar beslis nie die laaste nie! Saam met ons buurkoshuis Madelief, het ons karnaval gehou, , ingesluit tipiese boere-sportaktiwiteite. Gegewe ons mededingende aard, kon ons natuurlik nie anders as om om te wen nie! Daar was heelwat te ete en drinke - tot pienk en groen pannekoeke! Daar is tot 'n spesiale Maergrietjie-Garfield trofee gemaak. Wie het nou ooit kon dink dat hierdie twee "aardsvyande" so 'n spesiale inisiatief kon saamstel – met groot dank aan die twee Primarias Esbé en Lidalize.





## INTERNE PRESTIGE EN ARGIEFOPENING





Hierdie jaar is ons argiefopening en interne prestige in egte 80's styl gevier – in lyn met Magrietjie se geboortejaar in 1982. Daar was 'n nostalgiese "**slideshow**" wat al ons 2012 mylpale reflekteer het, waarna die dames die argief kon besigtig. Dit is gevolg deur ons interne prestige waar ons erkenning gegee aan die jaarlikse uitblinkers.





Magrietjie van die Jaar:
Lize Stofberg

**Spikkel van die Jaar:**
**Esther van der Walt**

## KOSHUIS VAN DIE JAAR

By eksterne prestige het Magrietjie besonder goed presteer, en is baie dankbaar vir elke Magrietjie se bydrae tot ons prestasies. Ons presteer as volg:

- 1ste plek as JOOL-koshuis van die jaar
- 1ste plek in Bloedskenk
- 1ste plek in Drastoel
- 2de plek met die beste Kultuuraand van die jaar
- 2de plek met JOOL-fondsinsameling
- 2de plek met JOOL pret en promosie
- 3de plek in Interne Kultuurkoshuis van die jaar.
- 3de plek in algehele Koshuis van die jaar.

**Pryswenners by Interne Prestige 2012:**

*JOOL-Grietjie vd jaar:*
**Nkhensani Sithole**
*JOOL-Spikkels van die jaar:*
**Soné Viljoen & Angelique Williams**
*Akademie-Grietjie vd jaar:*
**Eloise Dippenaar**
*Akademie-Spikkel vd jaar:*
**Nokuthula Nyamakope**
*Kultuur-Grietjie vd jaar:*
**Christine van Asgewen**
*Kultuur-Spikkel vd jaar:*
**Lanthe Louw**
*Sport-Grietjie vd jaar:*
**Soné Viljoen**
*Sport-Spikkel vd jaar:*
**Mireille van der Walt**

♥♥♥♥

Magrietjie se ontspanningsaal het dringend nuwe gordyne nodig (die huidiges is poegaai!). As jy miskien:

- 'n binneshuise ontwerper ken wat kan help met idees
- jy ons dalk kan help met idees of toegang tot bekostigbare materiaal
- 'n finansiële bydrae wil maak, e-pos ons asb by magrietjie@up.ac.za

Ons wil ook graag ons gebedskamer opgradeer. As jy enige ottomanne of ou kussings het wat jy kan skenk, stuur groot asb vir ons 'n epos. Dankie!



As nuwe redaktrise, is dit 'n voorreg om hierdie uitgawe van GrietGriet te kon saamstel. As jy iets met ons wil deel, kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za. Ek hoor graag van julle!

Luané Meyer

## ONTMOET DIE NUWE HK VAN 2013

Op 22 Augustus is die nuwe HK vir 2013 aangekondig, en tot op hede was daar nie een oomblik 'n ruskans nie. Hierdie HK-groep is 'n inspirerende groep dames, propvol passie vir die lewe en veral Magrietjie. Met die Opedag en Pot-en-Pons agter die rug, het die HK reeds bewys dat hulle nie gaan slaplê nie, maar die ekstra myl gaan loop om elke funksie 'n sukses te maak.



Die nuwe Primaria, Elmien Steyn sê: *"Met die eerste 30 jaar agter ons, kyk ons nou vorentoe na die volgende 30 jaar. Ons doelwit vir die termyn wat voorlê is samewerking. As HK glo ons dat die doelwit ons sal lei na sukses, met ons waardes as riglyn. Ons sal graag weer kleur en energie in ons tradisies en koshuisaktiwiteite wil sit. Met nuwe idees, inspirasie en die koshuis se ondersteuning, gaan Magrietjie beslis weer een van die beste wees in 2013."*

Met sulke woorde kan ons nie wag vir alles wat in 2013 voorlê nie!

## ONS 2013 SPIKKELS KOM LOER IN MET OPEDAG!

Met 'n blad vol balonne, blomme net waar jy kyk, pienk kolwyntjies en 'n geskenkpakkie, is die toekomstige Spikkels van 2013 verwelkom by ons pienk paleis.
Die ouers en voornemende Spikkels is hartlik verwelkom, en bekendgestel aan die HK en Huisouers. Hierna het hulle op 'n toer deur die koshuis gegaan, en ook 'n kans gekry om hulle eerstejaarsdrag aan te pas en te bestel. Die nuwe HK, onder leiding van die lenkvoog, Michelle Kruger, het beslis gesorg dat hul termyn op 'n hoë noot afgeskop word, met 'n feitlik foutlose dag en die voornemende Spikkels is borrelend met 'n Spikkelboek opgewonde huistoe. Ons sien baie uit om hulle deel te maak van ons Huis in 2013!






## UIT ONS SKATKIS

Ons wil baie graag vir Elzet Vermeulen (née Bosch) bedank vir die ontwerp van die feesblad. Elzet, dankie vir jou harde werk, toewyding en professionalism - die eindproduk is PUIK! Magrietjie is vol waardering!
*Red: Kontak Elzet vir enige ontwerpwerk soos brosjures, troukaartjies en -albums by epos: elzetvermeulen@gmail.com.*

**Kathy Dreyer** skryf: "Ek wou net vir julle laat weet dat ek julle feesblad baie geniet het - dit is 'n puik publikasie waarop julle baie trots kan wees!"

**Marionette Venter** skryf: "Ek is n oud Magrietjie en het deur 'n ander oud-Magrietjie julle nuusbrief gekry en sommer baie geniet!"

**Mia Roux** skryf: "Ek LOVE die nuusbrief. Dankie vir al die lekker stories!"

**Camelia Plath (née Boshoff)** skryf: "Ek pik altyd 'n traan van heimweë as ek my varsity jare so met die lees van julle nuusbrief herleef! Huis Pienk, julle dames hou regtig MAGS se naam hoog! Baie trots op al julle prestasies! Graag wil ek julle gelukwens met die aanneem van die 2 dogtertjies, wat n fantastiese projek! **Baie geluk met jou verjaarsdag Magrietjie!**"

***Red:*** *Dankie vir die wonderlike boodskappe en terugvoer op ons aktiwiteite! Dis altyd lekker om van ons alumni te hoor!*

*Voorspoedige en geseënde kerstyd en nuwe jaar saam met jul families!*

**Tot weersiens in *GrietGriet* 2013...**